higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

OPENBARE FINANSIES N6

(21010076)

13 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
OPENBARE FINANSIES N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. AFDELING A is VERPLIGTEND.
2. Beantwoord slegs TWEE vrae in AFDELING B.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Heffings op ingevoerde produkte word ... genoem.

A invoerbelasting
B verbruiksbelasting
C belasting op toegevoegde waarde
D oordragkoste

1.1.2 Die ekonomiese reguleringsfunksie van belasting impliseer ...

A dat werkloosheid beperk kan word.
B dat inflasie aan bande gelê kan word.
C dat ekonomiese groei verhoog kan word.
D AL bogenoemde.

1.1.3 Die regering van die dag kan besluit om die fiskale beleid te gebruik om ekonomiese groei te stimuleer, wat deur ... verwesenlik kan word.

A aansporings
B aftrekkings
C vrystellings
D inkomste

1.1.4 ... maak die grootste deel van staatsinkomste uit.

A Maatskappyinkomstebelasting
B Belastingaanspreeklikheid
C Betaalstaatbelasting
D Persoonlike inkomstebelasting

1.1.5 Staatsbegrotings moet tussen ... kan onderskei.

A bedryfsuitgawes en kapitaalbesteding
B verskillende bronne van belasting
C regeringsinstellings
D Geeneen van bogenoemde nie

1.1.6 'n Departementsbegroting kan as 'n ... beskou word.

A finansiële plan
B beleidsverklaring
C bedryfsplan
D AL bogenoemde opsies

Kopiereg voorbehou

1.1.7 Aksynsbelasting word dikwels ... genoem.

A sonde- of weeldebelasting
B belasting op toegevoegde waarde
C eiendomsbelasting
D winsbelasting

1.1.8 Die 'quid pro quo'-beginsel beteken ...

A mense of regsentiteite.
B iets vir iets.
C huishoudings.
D ontspanning.

1.1.9 Mynbouregte en verskillende soorte lisensies word onder ... geklassifiseer.

A gebruikersheffings
B verbruikerstariewe
C nominale heffings
D invoerbelasting

1.1.10 In die staat se MTBR-begroting (mediumtermyn-bestedingsraam-werkbegroting) word fondse vir 'n ... toegewys

A eenjaartydperk.
B tydperk van een en 'n halwe jaar.
C sesmaandetydperk.
D Geeneen van bogenoemde nie.

(10 × 2) (20)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Die BTW-koers word deur die regering bepaal.

1.2.2 Die begroting kan as hulpmiddel vir finansiële beplanning gebruik word.

1.2.3 Oordragbelasting kan beskou word as belasting wat ten opsigte van die welvarende mense van die samelewing gehef word, soos deur hul kapitaalbates weerspieël word.

1.2.4 Die inkomstebelastingkoers word ingevolge wetgewing bepaal.

1.2.5 Belasbare inkomste is daardie deel van inkomste waarop belasting gebaseer is.

1.2.6 Belasting word namens die regering deur die SAID ingevorder.

Kopiereg voorbehou

1.2.7 Belasting is onwillekeurig en opsioneel van aard.

1.2.8 Skenkingsbelasting het ten doel om ander belastingbronne soos boedelbelasting en inkomstebelasting te beskerm.

1.2.9 Maatskappybelasting is die hoofbron van inkomste vir die regering.

1.2.10 BTW kan as 'n verbruiksbelasting beskou word.

(10 × 2) (20)

1.3 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 'n Betaling deur die SAID vir geld wat aan 'n belastingpligtige verskuldig is, word 'n ... genoem.

1.3.2 'n Begroting is 'n finansiële staat wat ramings van inkomste en ... bevat.

1.3.3 ... en diensgelde is die bedrae geld wat vir dienste aan 'n persoon se eiendom aan die munisipaliteit betaal word.

1.3.4 Die ... begroting is afdwingbaar totdat die hoofbegroting in werking gestel word.

1.3.5 Die ... moet die algehele beleid van die regering van die dag weerspieël.

1.3.6 ... is 'n term wat gebruik word om mense te beskryf wat van die betaling van inkomstebelasting uitgesluit word.

1.3.7 ... sleuring beteken dat 'n persoon minder as vantevore kan verdien.

1.3.8 ... is indirekte belasting wat dikwels as sondebelasting bekendstaan.

1.3.9 ... is 'n soort belasting wat ook as die goedere-en-dienste-belasting bekendstaan.

1.3.10 'n ... -begroting sit besonderhede oor die projeksie van geraamde inkomste en uitgawes tydens 'n gegewe tydperk uiteen.

(10 × 2) (20)

Kopiereg voorbehou

1.4 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.4.1 (Invoer-/Aksyns-) belasting word gebruik om die 'dumping' van goedere stop te sit.

1.4.2 (BTW/AVB) is verkoopsbelasting wat op elke opeenvolgende stadium van handel gehef word.

1.4.3 (Persoonlike/Vaste) eiendom het betrekking op grond plus verbeterings.

1.4.4 (Wins-/Betaalstaat-) belasting is aftrekkings van 'n werknemer se lone.

1.4.5 Standaarduitgawe-items word nie in die (finansiële/ekonomiese) bylae van die begroting uiteengesit nie.

1.4.6 Die (tussentydse/hoof-) begroting wys fondse vir die hele finansiële jaar toe.

1.4.7 (Aftrekkings/Aansporings) word deur die regering gebruik as beloning vir verhoogde produktiwiteit deur industrieë.

1.4.8 'n Belastingpligtige ontvang 'n (aansienlike/onmeetbare) waarde vir elke eenheid geld wat in die vorm van belasting oorbetaal word.

1.4.9 (Provinsiale/Plaaslike) owerhede word nie toegelaat om belasting op dobbelary te hef nie.

1.4.10 (Persoonlike/Personeel-) belasting verteenwoordig die meeste van die staatsinkomste.

(10 × 2) (20)

Kopiereg voorbehou

1.5 Kies 'n item/woord uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.5.1	Wanneer inflasie hoër as 8% is	A	beskerming van werkers wat nie meer werk nie
1.5.2	Werkloosheidsversekering	B	politieke spanning
1.5.3	Bedrae gehef vir die gebruik van water wat deur die plaaslike owerheid voorsien word	C	fiskale sleuring
1.5.4	Maak die meeste van die staatsinkomste uit	D	aansporings
1.5.5	Bevorder ekonomiese ontwikkeling	E	ex-post-facto beheer
1.5.6	Die regering se inkomste uit belastings	F	staatsinkomste
1.5.7	Beheer ná die gebeurtenis	G	persoonlike belasting
1.5.8	Belastingbedrag verskuldig	H	verbruikerstariewe
1.5.9	Gevoel dat julle mekaar nie meer kan vertrou nie	I	fiskale jaar
1.5.10	Tydperk gebruik deur die regering vir rekeningkundige en begrotings-doeleindes	J	belastingaanspreek-likheid

(10 × 2) (20)
[100]

TOTAAL AFDELING A: 100

AFDELING B

Beantwoord slegs TWEE vrae uit hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1 Gee die SES kenmerke van 'n begroting. (6 × 2) (12)

2.2 Verduidelik die betekenis van *oordragte* ingevolge die Wetsontwerp op Aansuiweringsaanwending ('Adjusment Appropriation Bill'). (10)

2.3 Dui die VIER stappe van die begrotingsiklus aan. (4 × 2) (8)

Kopiereg voorbehou

2.4 Bespreek DRIE voordele daarvan om 'n aparte kapitaalbegroting op te stel. (10)

2.5 Noem enige VYF belastingheffings wat op plaaslike owerhede van toepassing is. (5 × 2) (10)
[50]

VRAAG 3

3.1 Noem die VIER kategorieë van kapitaalbegrotings. (4 × 2) (8)

3.2 Sit VYF bronne van staatsinkomste uiteen. (5 × 2) (10)

3.3 Bespreek kortliks VIER oorwegings wanneer die staatsbegroting opgestel word. (4 × 3) (12)

3.4 Dui VYF doelwitte van die herverdeling van welvaart en inkomste deur die regering aan. (5 × 2) (10)

3.5 Bespreek die beginsel van *fiskale sleuring*. (10)
[50]

VRAAG 4

4.1 Beskryf die term *oorrol*. (4)

4.2 Gee VIER redes waarom u dink ons 'n welvaartsbelasting in Suid-Afrika behoort te hê. (4 × 2) (8)

4.3 Gee VIER kenmerke van die staatsbegroting. (4 × 2) (8)

4.4 Noem die VIER faktore van begrotingsinligtingklassifikasie. (4 × 2) (8)

4.5 Noem en verduidelik die DRIE bestedingsklassifikasies wat by die bedryfsbegroting ingesluit moet word. (3 × 4) (12)

4.6 Bespreek VYF aspekte wat deur die hulpbronskedulebegroting gedek word. (5 × 2) (10)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou